VAN DER WALT –

NUUSBRIEF



1980

VAN DIE REDAKSIE

Geagte Vangenoot

Die Redaksie wil graag van die geleentheid gebruik maak om namens die Voortsettingskomitee al die Van der Walts te bedank wat in reaksie op die vorige *Nuusbrief* lede van die Van der Walt-familieband geword het. In hierdie uitgawe van die *Nuusbrief* word daar weer 'n intekenvorm vir hierdie doel ingesluit, en Van der Walts word vriendelik versoek om die vorm in te vul en aan die adres hieronder te pos. Hierdie is die laaste *Nuusbrief* wat aan al diegene gepos word wat die familiefees bygewoon het. As gevolg van die koste sal die *Nuusbrief* in die toekoms slegs aan diegene wat gereageer het, gepos kan word.

* * *

Neem gerus die vrymoedigheid om aan die redaksie te skryf met die oog op bydraes tot die *Nuusbrief* en ook met die oog op versoeke of nuuswaardighede. Ons sal alles sorgvuldig wegbêre met die oog op toekomstige *Nuusbriewe!* Die adres waarheen u kan skryf, is:

Mnr. T S P VAN DER WALT
Posbus 20193
NOORDBRUG
2522

Tel. (kode 01481) 6082

Prof. Hannes van der Walt is verantwoordelik vir die opstel van die Nuusbrief, en hy doen dit in noue samewerking met mnr. Andries van der Walt, bestuurder van 'n Potchefstroomse boekhandel en drukkery, en die ander lede van die Voortsettingskomitee.

WAPEN EN BRIEFHOOF



T S P VAN DER WALT
Posbus 20193
NOORDBRUG
2522

Tel (kode 01481) 6082

Die Van der Walt-familiewapen en die naam/adres-briefhoof hierbo kan op skryfmateriaal aangebring word deur Pro Regepers, Posbus 343, Potchefstroom, 2520. Volledige inligting kan by die bestuurder, mnr. A.J. van der Walt, oor die koste van sulke drukwerk verkry word. Hierdie hele *Nuusbrief* is, te loops, net soos die vorige nuusbrief ook deur Pro Rege gedruk.

****

VAN DER WALT – BEVORDERINGS

Sedert die klompie persone wat verantwoordelik was vir die reëlings van die Van der Walt-fees die eerste keer bymekaar gekom het, het daar ook by hulle 'n persoonlike feesgeleentheid of twee voorgekom. Die ander lede van die komitee is bly oor die eer wat beide Bennie en Hannes te beurt geval het om tot professore bevorder te word. Bennie (Dr. B.J. van der Walt) is tans hoogleraar in die departement Filosofie en Hannes (Dr. J.L. van der Walt) is hoogleraar in die departement Teoretiese Opvoedkunde.

Hartlik geluk!

****

VAN DER WALT – SKILDER VEREER

Op 28 Augustus 1980 is die bekende Suid-Afrikaanse landskapskilder, Gert van der Walt, op 'n besondere manier vereer. Die Departement van Kultuurbevordering het hom in Port Elizabeth as Afrikanerpionierskilder in Oos-Kaapland en vir sy bydrae op die kunsgebied in Suid-Afrika gehuldig. Hierdie is die tweede keer dat hy vanjaar vir sy kunsbydrae vereer word. In Januarie is die prys van die Academia Italia aan hom toegeken vir sy bydrae tot die kuns. Die prys is nie net toegeken op grond van sy skilderwerk nie, maar ook vir die baie artikels oor die kuns wat hy deur die jare geskryf het. (Hy was vir tien jaar lank kunsrubriekskrywer vir die *Oosterlig* in Oos-Kaapland). Dié toekenning behels die oorhandiging van 'n medalje en die opname van sy naam en foto in die katologus van internasionaal erkende kunstenaars wat in kunsmuseums oral in die wêreld versprei word. Mnr. Van der Walt het daarmee ook 'n lid van die akademie van Italië geword.

Accademia Italia
delle Arti e del Lavoro

Palazzo della Partecipazione
Sala Bolivar, 3 - Piazza Pedro de Tolentino 21 - Tel. (6324) 77726
45039 Salsomaggiore Terme (Pr)

Nomina di Accademico

con Medaglia d'Oro

Conferita a

Gert van der Walt

quale riconoscimento per la particolare
attività svolta nel settore delle Arti

Registrato nell'Albo d'Oro dell'Accademia n. 40/C/1
Salsomaggiore Terme addì 20 Gennaio 1980

Il Presidente
Il Direttore

GREPE UIT DIE VAN DER WALT-VERLEDE:

13 Februarie 1757

Op hierdie dag, presies tweehonderd drie-en-twintig jaar gelede is Nicolaas, die agste en laaste kind van Geale Van der Walt, die stamvader van die Van der Walts, in Kaapstad gedoop. Nicolaas se seun, ook Nicolaas gedoop, het vir hom 'n huis wat tans die museum is op Grootfontein, die Landboukollege by Middelburg, K.P. gebou. In hierdie huis het die stigting van die Gereformeerde Kerk, Middelburg onder leiding van ds. D. Postma in Desember 1860, plaasgevind.

* * *

14 Februarie 1743

Op hierdie dag, presies tweehonderd sewe-en-dertig jaar gelede is Hendrik Van der Walt op Stellenbosch gedoop deur ds. Solomon van Echten. Klein Hendrik is vernoem na sy oupa Heinrich Weyers van Epe in Duitsland. Hendrik was die tweede Van der Walt-kind wat op Suid-Afrikaanse bodem g bore is. Vandag tel die Van der Walts in hulle duisende terwyl daar in Holland, die stamland, slegs 15 persone met hierdie van opgespoor kon word.

* * *

28 Februarie 1768

Op hierdie dag, tweehonderd-en-twaalf jaar gelede, het die huweliksklokke vir Tjaart Van der Walt, bekend as "Die Kommandant", en Anna Martha Venter, gelui. 'n Dogter uit hierdie huwelik, Alida Barendina, het met Douw Gerbrand Steyn in die huwelik getree en sodoende een van die grootouers van die latere president S.J.P. Kruger geword. Op 8 Augustus 1802 het Kommandant Tjaart van der Walt, onder die inboorlinge ook as die "Witgod" bekend, in die slag van Komga gesneuwel. Sy hart is verwyder en tot toorgoed gemaak. Eers 148 jaar later is sy liggaam herbegrawe en 'n gedenknaald in die distrik Uniondale opgerig.

****

VAN DER WALT-PUBLIKASIE

Soos in die eerste nuusbrief berig is, is 'n manuskrip van 'n familieregister en -geskiedenis aan die genealogiese afdeling van die RGN voorgelê. Dr. Lombaard, hoof van genealogiese navorsing by die RGN, het by navraag laat blyk dat die publikasie in 1982 sal verskyn.

Die RGN-navorsers is tans besig met die afronding van die register van 'n ander familie. Daarna kom die Van der Walts aan die beurt. Volgens dr. Lombaard duur dit nagenoeg 'n jaar om die manuskrip persklaar te kry. Die navorsers by die RGN doen die moeite om 'n publikasie van hierdie aard so goed moontlik te kontroleer en waar moontlik inligting by te voeg. Dit blyk dat die register van die Van der Walts hoog aangeslaan word. 'n Groot hoeveelheid inligting is in die manuskrip opgeneem en na verwagting sal die uiteindelike produk werklik iets wees waarop die Van der Walts trots kan wees.

Inligting oor familieregisters kan nog steeds aan die komitee wat vir hierdie *Nuusbrief* verantwoordelik is, gestuur word.

****

UITSCHOT VIER EEUFEES!

Op 1 Oktober 1980 sal dit 100 jaar wees dat oupa Kotie (A.J.J.L.) van der Walt die plaas Uitschot gekoop het en hierdie geleentheid word op D.V. 11 Oktober 1980 op die werf van mnr. en mev. A.J. van der Walt op Uitschot feestelik gevier.

Alle nasate van oupa Kotie, dit is o.a. die van der Walts, Coetzees, Schuttes, Du Plessis, Yssels, Snymans, Malans, Bekkers en Labuschagnes, met weer hulle nasate, word hartlik uitgenooi na die feesviering wat op Saterdag, 11 Oktober om 07h00 met 'n vroeë huisgodsdiens by die oorspronklike familiebegraafplaas by mev. Hobhouse van der Walt begin.

By die kampterrein tree mnr. T.S.P. van der Walt van die PU vir CHO as gasspreker op en oud-senator J.S. Labuschagne lewer die feesrede.

Baie geleentheid sal gegee word vir kuier en gesels. Die jongklomp sal hulle kan vermaak met boerespeletjies. Saterdagaand word vleis gebraai en saamgesing.

Sondagoggend word die erediens in die Gereformeerde Kerk, Uitschot wat deur prof. B. Spoelstra waargeneem word bygewoon. Ten einde die reëlings vlot te laat verloop moet belangstellendes, wat nie deur middel die skakelpersone reageer nie, met een van die volgende so gou moontlik in verbinding tree.

Mnr. Boy Snyman (sekretaris), Tel. Vermaas 1602. Mnr. Dries van der Walt (voorsitter), Tel. Vermaas 1803.

****

BRIEWE

Mnr **Pieter Jensma,** Kurator van die Museum op Grootfontein, skryf:

Ek sien dat Middelburg, Noupoort, Colesberg, Venterstad, Burgersdorp en Steynsburg elkeen 'n Van der Waltstraat het. Wat van Andriesstraat in Pretoria?

Op 'n ou kaart sien ek in die distrik Sutherland 'n nogal groot plaas met die naam Van der Waltskraal. Die plaas lê ongeveer 60 km. in N.N.W.-rigting vanaf die dorp. Daar is 'n padaansluiting. Twee paaie kom vanaf die Suide en een vanaf die Noorde. Die plaas het bes moontlik eers 'n ander naam gehad. Geale Andries of sy seuns het toe daar 'n kraal gebou op 'n plek waar transportryers sekerlik uitgespan het en toe die naam gegee. (Volgens aantekening op die kaart 1.1.CLV Dit beteken: Eerste maand van 1801 en deur 'n landmeter van Calvinia opgemeet).

As voorbeeld Barendskraal: Suid van Middelburg het 'n Barend Vorster op Klipfontein geboer. Hy het langs die pad 'n kraal gebou waar transportryers uitgespan het en die naam gegee. Later is die spoor aangelê en die sylyn kry ook die naam en daarna is die plaas se naam ook verander na Barendskraal.

Die oorlewering in 'n koerantberig van 1934 is dat Geale Andries op Grootfontein begrawe is. Ek kan die gedagte maar nie prysgee nie. In die middel van die familiekerkhof lê die graftes ongelyk - blykbaar die oudstes en die wat haastig begrawe is.

* * *

Hy skryf ook:

Omtrent Geale Andries self, wil ek my sienswyse soos volg meedeel. Die H.O.I.C. het in samewerking met die goewerneurs baie perde ingevoer. Met hul aantog is mense gekry wat diereversorging ken en wat van voorneme was om na die nuwe land te verhuis. (Weens die lang seereis en beperkte fasiliteite het selfs meer as die helfte van die perde gevrek). Skeepsrederye het nie belang gestel in passasiers wat net vir hulle reisgeld werk en dan enige tyd aan wal kon stap nie. Geale Andries was bes moontlik 'n begeleier van vee en is by sy aankoms, begryplik as 'n matroos geregistreer. (Ek self het ook as begeleier van vee na S.A. gekom!)

1) Ek is reeds meer as 40 jaar in hierdie omgewing en hoor van oumense oorlewerings waarin daar waarheid steek. Voorbeeld: Voordat die boere hulle hier kom vestig het, het jaggeselskappe die streek kom besoek. Hulle het hulle eie vuurmaakgoed saamgebring. Die Boesmans was vyandig en moes vriendelik behandel word en daarom het hulle hulle eie vuurmaakgoed saamgebring, en soos bekend is, aan die Boesmans ook vleis gegee.

2) 'n Van der Walt-afstammeling van Grootfontein vertel my die heel eerste boere moes op Grootfontein die riete in die vlei afbrand om by die water te kom. Dit is eienaardig, want die duisende springbokke en ander wild het paaie na die water getrap. By so 'n belangrike suipplek het die Boesmans natuurlik die wild voorgelê en self tussen die lang riete geskuil.

3) Die koerantberig van 1934, waarin beweer word dat die stamvader wat na S.A. gekom het, ook hier begrawe is, kan waar wees.

Geale Andries had reeds baie vee en vanweë die koue winters en droë klimaat in Sutherland, het hy nie genoeg weiding vir die diere gehad nie.

Geale Andries het op 13 Februarie 1757 met grootkerk en die doop van sy jongste seun 'n paar dae in Kaapstad vertoef. Die goewerneur het natuurlik ook die Boere ontmoet en begryplik met belangstelling na toestande in die binneland verneem.

Daarna het 'n groep boere bes moontlik beplan om die land na beter weiding te verken. So 'n geselskap het moontlik bestaan uit tien of twaalf man, seuns ingesluit. Geale Andries was toe ongeveer 50 jaar oud en moontlik die leier. Volgens die jaargety (Feb. tot April), was die klimaat baie aangenaam en daar was genoeg weiding vir die trekosse. Een of twee ligte waens is gebruik en die reis sou dan 6 - 7 weke duur.

Die omgewing by die Groot Fonteyn was te aantreklik om dit nie te besoek nie.

Die Boere moes natuurlik ook na die water gaan, maar is deur die Boesmans voorgekeer en aangeval. Dit kon bes moontlik wees dat hulle leier, Geale Andries, hier deur 'n gifpyl getref is. Die Boere het daarna die riete aan die brand gesteek om by die water te kom en die Boesmans is verdryf.

Ek het baie studie hiervan gemaak en kom tot bogenoemde konklusie.

* * *

Pieter (Klippie) Van der Walt van Skukuza skryf:

Geagte Redaksie,

Net gou 'n kort nota oor iets interessants wat ek onlangs raakgeloop het tydens een van my besoeke aan die verskillende parke. Julle as komitee wat navorsing doen oor ons Van der Walts se herkoms, mag miskien daarin belangstel.

Dit gaan oor die moontlik blyplek (plaas van die eerste Van der Walt, Geale Andries?) tussen die Sneeuberge naby Graaf Reinet en Middelburg. Tydens my besoek aan die Bontebok Nasionale Park onlangs het die Kurator van die Drostdymuseum in Swellendam, 'n ene Colin Cochrane aan ons 'n baie interessante reeks kleurskyfies gewys van die oorspronklike skilderye van Schumacher, wat in die 18de eeu besoek gebring het aan die Kaapkolonie op uitnodiging van Goewerneur Swellengrebel. Onder andere was daar 'n skyfie met die onderskrif: "Van der Walt se plaas - agter Sneeuberg".

Indien julle nog nie die presiese ligging weet van die plaas nie, kan julle moontlik met behulp van die skyfie die plek vasstel. Die probleem is net dat 'n ene Prins Swellengrebel, woonagtig te Holland, die strenge kopiereg hou oor die reeks skilderye, wat met groot detail geteken is.

Indien julle belangstel, moet julle maar kontak maak met die mnr. Cochrane en meld dat ek die saak aan julle genoem het. Hy sal dan aan julle alle verdere optrede verduidelik.

Ek wil julle gelukwens met 'n goed georganiseerde fees. Ek glo egter dat daar

bitter min kontak was tussen al die feesgangers wat kon verbeter gewees het as almal saam vir die tyd in 'n groep kon gekamp het.

* * *

Henri van der Walt van Nelspruit skryf:

Geagte Redaksie,

Dit was vir my 'n aangename verrassing om die Van der Walt-nuusbrief te ontvang.

Ek het al gewonder wat verder gebeur het na die saamtrek, veral in verband met die familieregister en -wapen. Ek was bevrees dat almal moed verloor het na die swak opkoms by die fees.

Geruime tyd is ek al besig om navorsing te doen oor my voorgeslag. Ek is lid van die Genealogiese Vereniging. Van moederskant is ek ook verbonde aan die Van Lely-veldfamilie - van hulle my naam. Hulle is besig met 'n pragtige navorsingsorganisasie, hoofsaaklik deur die ywer van een persoon, Chooks Chantler.

Om terug te kom na die eintlike doel van my skrywe. Ek wil pleit vir die oorweging om meer dikwels 'n *Nuusbrief* te sirkuleer, sê elke drie maande. Die eerste beswaar sal seker fondse wees. Ek weet 'n oproep op die massa om elkeen 'n klein bedrag by te dra werk nie; die oorgrote getal oproepe beland onbeantwoord in die snippermandjie. Daarom wil ek voorstel: klop aan by dié wat werklik belangstel. 'n Paar bydraes van R10,00 bv. kan al een *Nuusbrief* dra. Daar is gelukkig heelwat Van der Walts wat op die oomblik belangstel in die voorgeslag. Om koste te bespaar, kan die *Nuusbrief* afgerol word. Daar is nog goeie Samaritane onder die Van der Walts! Ek dink byvoorbeeld aan Sofie van der Walt wat hulpsekretaresse was met die fees. Ek is seker sy sal die tikwerk doen.

Die inhoud van so 'n brief: Belangstellendes kan hulp vra oor geslagte. Belangstellendes van dieselfde tak van die geslag kan so in aanraking met mekaar kom. Interessante mededelings van vorige geslagte kan geplaas word en . . . nog veel meer!

Julle kan gerus die saak bespreek en laat ons weer hoor daarvan.

* * *